# 75 Jaar van genade



**1947 - 2022**
**75ste Bestaansjaar**
**Viering**

# 75 Jaar van genade

**Geskryf deur:**

Polla Roux



**Verwerk deur:**

Maryka le Roux



27 Oktober 2022

Inhoudsopgawe

Voorwoord ........................................3
Inleiding... .......................................4
Bellville se geloofsweg........................6
Die ontstaan van Bellville-Wes...............7
Die geskiedenis van ons geboue..............8
Ons Herders .................................. 10
Ons Kerkraad ................................ 22
Ons Personeel ............................... 29
Die vroue van Bellville-Wes ................ 31
Die jeug van Bellville-Wes.................. 33
Diamant lidmate ............................. 37
Oudste lidmate................................ 37
Uitsonderlike lidmate ....................... 38
75-Jaar feesvieringe......................... 41
Slot ........................................... 51



Leraars en hul gades

# Voorwoord

**75 Jaar gelede** het die NG-Gemeente **Bellville-Wes** afgestig vanaf NG-Gemeente Bellville. Weens die groot groei in die Bellville gemeenskap kon die kerk in De Langestraat nie meer die groot hoeveelheid lede huisves en na behore bearbei nie. Op **Maandag 27 Oktober 1947** is daar 'n **afstigtingsvergadering** gehou wat deur ongeveer **100 lidmate** bygewoon is.

Ter **viering** van die **75ste bestaansjaar** van ons gemeente gaan ons u op 'n **reis deur die geskiedenis** van ons kerk neem. Dit was 75 jaar van **genade** waarin ons **Hemelse Vader ons** nog altyd **gedra** het en ons **gehelp** het om ons **liefde vir ons medemens** uit te leef en Sy **woord te verkondig**.




Agter: Dr. J. Gavera, Voor v.l.n.r. Charlie Cooper (kerkraadsvoorsitter), Ds. J. Botha, Ds. G. Olivier, Ds. W. Badenhorst
**75 Jaar Feesdiens - 2022**

# Inleiding

**Deur Ds. Willie Badenhorst**

Die eerste gedagte of emosie wat opkom wanneer ‘n gemeente 75 jaar oud word, is dankbaarheid. Dit is tog immers net genade dat ‘n instelling wat deur mense georganiseer word, bly voortbestaan. Daarom bely ons, as lede van Bellville-Wes se NG Kerk, dat ons deel is van God se groter Liggaam en dat dit Hy is wat Sy kerk laat groei en laat voortbestaan!

Sonder die Here is daar geen kerk nie, geen boodskap van verlossing, geen geïnspireerde Woord van God, geen gemeenskap van die heiliges nie. Ons wil saam met die reformatore bely (dit pas dat ons verjaardag naby Hervormingsfees val) dat die fondasie van ons gemeente slegs die Woord, slegs Christus, slegs genade en slegs geloof is! Ons gee al die eer en dank van ons harte aan die lewende Here, want sonder die Drie-enige God sou ons niks kon doen of bereik nie.

As ‘n mens mismoedig oor die kerk wil raak, is daar in hierdie dae meer as genoeg rede. Ons leef inderdaad in ‘n tyd waarin die kerk onder geweldige druk verkeer...dit is egter niks nuuts nie. Die kerk het deur die eeue haar probleme en uitdagings gehad. Dit is egter net die een kant van die verhaal. Die goeie nuus is ALTYD dat die kerk aan die Here behoort! Daar is ‘n groter mag agter die kerk: die Drie-enige God van die Bybel en die evangelie van Jesus Christus. Hierdie Jesus doen dan die “onverstaanbare”, deur óns te kies vir Sy span en Sy kerk. Ons het die voorreg om Christen genoem te word, want ons is Christus s’n!

Dit is ook waar dat ‘n gemeente nie 75 jaar oud kan word sonder mense nie, en mag ons ook aan mense dink. Paulus sê in 1 Korintiërs 3:9: “Ons is medewerkers in diens van God”. Wat ‘n wonderlike voorreg om as gelowiges (ten spyte van ons tekortkominge) so genoem te kan word! God werk in, saam met en deur mense. Die geskiedenis van Bellville-Wes word geskryf deur die diens wat gelowiges aan hulle Here lewer. Ons dink dus ook met dankbaarheid terug aan elkeen wat sy/haar geestelike en materiële gawes vrylik gegee het om die afgelope 75 jaar in ons gemeente te help bou aan die koninkryk van God op aarde.

Ja, ons is dankbaar vir elkeen wie se sê en doen vir die wêreld gewys het en steeds wys dat hy/sy lief is vir die Here!

Vir 'n driekwart-eeu het ons in Bellville-Wes die ervaring dat die Here ons en dié kerk liefhet en Hom aan ons verbind. Dit gee ons hoop vir die volgende eeu. God hou self sy kerk in stand. Dankbaar sing ons saam met Dawid in Psalms 16: "Here, ek het net vir U, dit is net U wat my kan laat lewe, dit is Ú wat besluit wat met my sal gebeur. U laat my woon op 'n plek wat baie mooi is, ek is lief vir die plek wat U vir my gegee het. Ek prys die Here, Hy sê vir my wat ek moet doen, ook in die nag dink ek aan wat U vir my leer. Ek weet die Here is altyd naby my. Ek val nie, want Hy is by my. Daarom, ek is bly, ek juig, ek is altyd veilig, want U sal my nie los nie, ek sal nie sterf nie. Ek glo in U, en U sal my nie in die graf laat kom nie. U leer vir my hoe om te lewe, U leer vir my dat 'n mens wat naby U is, 'n dankbare mens is, U leer vir my dat dit altyd lekker is by U."

- Psalms 16:5-11 ABA-vertaling

Daarom is ons leuse tans: **DIEN CHRISTUS BIDDEND SAAM.**



Ds. Willie, Andra, Pierre, Leanri

# Bellville se Geloofsweg

Bellville-Wes is vanjaar 75 jaar oud, maar watter kerk is die oudste in Bellville?

Daar is drie moontlikhede:

1. Daar word beweer dat toe daar ‘n klompie Duitse boere hul in Philippi in 1830 gevestig het, daar ‘n kergebou in Kasselsvlei Weg, Bellville-Suid was. Die gemeente se naam was "De Neder-Duitser Kerk". Dit sou dus die eerste kerk in Bellville wees.
2. Die "Bethel Undenominational European Mission" word volgens oorlewing om en by 1890 as die eerste geestelike gemeente begin. Dienste word Sondagaande in die dames wagkamer van die Bellville stasie gehou. Mej. Anna Neethling het in daardie tyd met Sondagskool vir kinders in ‘n skuur van die stasie begin. Toe daar ‘n saal beskikbaar raak op die hoek van Rhos en Voortrekkerweg, het hulle daarheen verhuis.
3. St. John’s is in die laat 1800’s gestig. Hulle gebou was waar Middestad Mall vandag is. Daar is ook ‘n hoeksteen gelê vir die "Church of the Transfiguration" in Tramway Straat, later Coronation Laan en nog later Kruskal Laan, wat maar ‘n paar honderd treë van St John’s was.

Die Joodse gemeenskap het hulle kerk in 1919 gestig met Eerwaarde Herison as eerste prediker. In 1926 het hulle hul intrek geneem in die bekende gebou oorkant die poskantoor.

In 1926 het die Presbyteriaanse Kerk geaffilieer met die Kaapse Gemeente en in 1929 is "Old Hall" gebou. Die NG Kerk Moeder-Gemeente, van waar ons in 1947 afgestig het, is gestig op 18 Desember 1934. Hulle het van Durbanville afgestig.

Hierdie is ‘n kort geskiedenis van Bellville se Geloofsweg.

# Die ontstaan van Bellville-Wes

In die **begin** het ons gemeente uit **530 lidmate** (252 gesinne) bestaan. Daar was **20 kerkraadslede** wat vyf **wyke** bedien het. Die eerste predikant was d**s. H.A. Sandenbergh** en hy is op **15 Desember 1947 beroep.**



# Die geskiedenis van ons geboue

'n Bruidskat van agt persele tussen 7de Laan en 8ste laan is aan Bellville-Wes gemeente geskenk.

1. **Pastorie op h/v 8ste Laan en Cleveland Straat** – Die pastorie is vir ds. Sandenbergh, hulp-prediker van Moeder-Gemeente, gebou. Dit het deel gevorm van die bruidskat wat aan Bellville-Wes gegee is. Die pastorie is deur Louw & Louw ontwerp.

2. **Kerkgebou** – Dieselfde firma het ook hierdie planne opgetrek. Tenders wat vir die bouwerk ingedien is, is nie gebruik nie, omdat die Kerkraad, as eienaar bouer, self die werk gedoen het. CR Mostert, 'n bekwame boukontrakteur, is aangestel om toesig te hou. Die Kerkraad het die materiaal en arbeid ook self verskaf. Die hoeksteen is op 5 Maart 1949 gelê en die gebou is op 15 Oktober 1949 ingewei. Die totale koste (horlosie en orrel uitgesluit) het £20 000 beloop en die bedrag is in September 1957 gedelg.

3. **Kerksaal** – As gevolg van die volgehoue groei in die Gemeente, wat in 1956 al uit 1 100 lidmate bestaan het, was 'n saal noodsaaklik. Die firma Meiring & Naude het opdrag gekry om die planne op te trek. Julius Cohen se tender van £32 000 is aanvaar. Op 13 Junie 1959 is die hoeksteen deur ds. Raubenheimer gelê en op 18 September 1959 is die saal ingewy. Daar was vanuit die staanspoor probleme met die fondasie en die ontwerp van die dak. Waterlekkasies steeds voortdurend voor. Die saal se skuld is in September 1974 afbetaal. Die saal is in die verlede meerendeels slegs vir gemeente-aktiwiteite gebruik. Die Eiendomskommissie het rondom 2006 besluit dat die saal 'n groter bydrae kon lewer om iendomme se uitgawes te dek. Onderhoudskostes het te hoog geraak en daar is besluit om die saal uit te verhuur om van die kostes te dek aangesien daar nie van die lidmaatbydraes gebruik moes word vir eiendomsuitgawes nie. Tans word die saal vir onder meer ballet, gimnastiek, pluimbal, NISH Skool, 'n maatskaplike werker, Kruiskoffie en Craft X-PO gebruik. Hierdie besluit deur die Eiendomskommissie lewer vandag nog steeds 'n groot

finansiële bydrae tot die kerkkas. Afgesien van die inkomste wat die verhuring lewer, bring dit ook baie nie-lidmate na die gemeente. Die Craft X-PO en Kruiskoffie kan werklik uitgesonder word as instellings wat Bellville-Wes se Missie van Lig en Liefde uitdra na die inwoners van Boston en omgewing.

4. **Pastorie nr. 2** – 'n Tweede pastorie is in 1962 vir R13 500 aangekoop, maar was nie geskik vir hierdie doel nie en het onenigheid veroorsaak. In 1981 is dit verkoop en is 'n meer geskikte woning in 7de Laan aangekoop. Nadat ds. Pepler afgetree het en die gemeente se ledetal so afgeneem het dat slegs een pastorie nodig was, is hierdie pastorie ook verkoop.





# Ons Herders

**Die eerste prediker in ons gemeente was ds. HA Sandenbergh (1947 - 1950).** Hy was die hulp-prediker by Moedergemeente en sy pastorie was op die h/v 8 ste Laan en Clevelandstraat. Hy was dus die eerste keuse om as prediker aangestel te word deur die nuwe Kerkraad wat op 23 November 1947 verkies is. Hy is op 15 Desember 1947 beroep. Aan hom, saam met die nuwe Kerkraad, is die groot taak gegee, om Bellville-Wes van die grond af te kry. Kerkdienste, Sondagskool en vergaderings is almal by Moedergemeente se geboue aangebied tot met die voltooiïng van Bellville-Wes se kerkgebou in Oktober 1949. **Ouderling G. de Kock** het die naam Bellville-Wes voorgestel, alhoewel die naam Boston-Landgoed ook steun gehad het. Besprekingspunte soos Wyks-indelings (Vyf wyke), Kerkraads-kommissies (ses), die bou van die kerkgebou, die nuwe orrel en die kerkhorlosie het die eerste klompie vergaderings oorheers. Dit was nie maklik vir ds. Sandenbergh nie, maar hy het ‘n baie goeie fondament gelê vir sy opvolgers.

**Ons tweede prediker was ds. PJ Raubenheimer (1951 - 1960).** Waar ds. Sandenbergh geboue moes bou, was ds. Raubenheimer se taak gespits op gemeentelede. Terwyl die gemeente met net 530 lidmate begin het, was daar in 1955 meer as 1800 lidmate, wat gelei het tot die afstigting van Vredelust Gemeente. ‘n Jaar later was daar weer 1100 lidmate en die behoefte aan ‘n kerksaal was op die agenda. Op 13 Junie 1959 het ds. Raubenheimer die hoeksteen van die kerksaal gelê en 3 maande later is dit ingewy. Die groei van lidmate het nie hier gestop nie en teen die tyd dat hy aan die einde van 1960 die gemeente verlaat het, was daar reeds weer meer as 1500 lidmate. In ds. Raubenheimer se era is daar baie aandag gegee aan die jeug. Hyself was ook baie nou verbonde aan die jeug en het gereeld hul kampe bygewoon.

**Die derde prediker van ons gemeente was ds. FJ Conradie (1961 - 1964).** In die tydperk onder sy leiding was daar weer ‘n afstigting. In 1961 het die gemeente ledetal weer eens 1500+ bereik en die Boston Gemeente is afgestig. Hulle is toestemming

gegee om ons kerksaal vir vyf jaar te gebruik vir hulle dienste terwyl hulle kerk gebou is.

**Ons vierde prediker was ds. Dirk Oosthuizen (1964 - 1967).** Hy was baie gewild en is gereeld met sy fiets in die Boston strate gesien, waar hy met gemeente-lede in hul tuine gesels het. Hy het 'n klein DKW motor gehad en hy, sy gade en vyf kinders het dit vol gesit. Tog, met geleentheid, was hy ook bereid om vir Ouderling Piet Schoeman en sy vrou te nooi om saam met hulle te ry. Sy oggenddienste se bywoning was so groot dat daar besluit is om twee Sondagoggenddienste te hou. Die aanddienste was gewoonlik oorheersend jong lidmate. Op Sondag 31 Oktober 1965 was die opkoms soos volg: 08h30 diens – 242 lidmate; 10h30 diens – 275 lidmate; 19h00 diens – 429 lidmate. Die rekordbywoning per diens was met ds. Oosthuizen se uittreediens op 20 Augustus 1967. Daar was by die aanddiens 765 lidmate terwyl die oggend se twee dienste reeds deur 610 lidmate bygewoon was. Daar is in 1965 begin gesels oor 'n tweede predikant en dus ook 'n tweede pastorie. Die pastorie op die h/v 9de Laan en Lincolnstraat was baie omstrede, omdat dit eintlik nie geskik was vir 'n pastorie nie en daar heelwat koste aangegaan is om veranderings aan te bring. Die tweede predikant wat beroep is, was ds. Kloppers in 1966.

Ds. Oosthuizen is in 1967 na Kaapstad Groote Kerk beroep, wat niemand verbaas het nie, omdat hy so alombekend was.

**Ds. Willem Kloppers is in 1966 beroep** om vir ds. Oosthuizen by te staan. Ds. Klopper was 'n baie goeie keuse aangesien dit sy eerste gemeente was en hy dus baie by die gesoute ds. Oosthuizen kon leer. In ds. Kloppers se eie woorde: "Dit was my eerste gemeente, en dit vergeet 'n mens nooit. Elke mens, elke insident, alles wat bygedra het tot ons vorming. Jy onthou die liefde, begrip, lojaliteit en samewerking van 'n kollega, die Kerkraad en gemeentelede. Dit bly vars in jou gemoed --- soos gister. Veral onthou ek hoe die HERE ons gedra het. Met ons bedoel ek my vrou, Ester, ek en die gemeente. Wonderlik, dit bly dieselfde HERE wat Bellville-Wes na 75 jaar nogsteeds dra. HY laat nooit die werk van SY hande vaar nie." In 1967 verlaat ds. Oosthuizen die gemeente en ds. Kloppers is vir amper 'n jaar alleen.

**In 1968 word ds. JC Du Plessis beroep.** Weereens het die Kerkraad 'n goeie besluit geneem deur 'n ouer predikant te beroep om sodoende die balans te hou tussen die jeug en ouer garde van die gemeente.

Ds. Kloppers het in 1969 Bellville-Wes verlaat en ds. Du Plessis is alleen agtergelaat. Gedurende daardie tyd was Bellville-Wes se lidmaatgetal ongeveer 1200+ en die dooplidmaatgetal was net onder die 500. Hierdie hoeveelheid lidmate was te veel vir een predikant om alleen te bedien.

*Daar gebeur soms snaakse dinge wanneer predikante huisbesoek doen* – So het ds. Du Plessis ook een aand by 'n huis ingestap en toe hy by die sitkamer ingaan, sit die man met 'n koerant en 'n glasie wat langs hom op die tafeltjie staan. Toe hy die dominee sien, gee hy die koerant, met die glasie daarin verskuil, aan sy seun met die woorde "Ou seun sit gou die koerant in die kombuis."

**In 1970 is ds. Callie Matthee beroep** om vir ds. Du Plessis te help met die groot getal lidmate. Hy het op 'n baie moeilike tyd gekom, want dit was toe dat daar op elke kerkraadsvergadering gestry is teen die afskaffing of behoud van manèl pakke. Die ouer broeders wou dit behou, terwyl die jonger broeders gewone meerdoelige pakke wou dra. Ek onthou dit goed, want ek was in daardie tyd 'n diaken. Een ouderling het so sterk gevoel dat hy gesê het dat die afskaffing van die manèl pakke die fondamente van die NG Kerk sal laat kraak. Gelukkig het dit toe nie gebeur nie.

Ds. Callie noem dat die Sondagaanddienste baie goed bygewoon is en die sing van Halleluja liedere 15 minute voor die aanvang hom getref het. Dit was geestelik opbouend.

Maar, soos die tendens van die vorige 10 jaar, was dit ook nie lank voor ds. Du Plessis se vertrek nie en daar moes weer 'n nuwe predikant beroep word as hulp vir ds. Matthee.

So word **ds. JM Delport in 1973 beroep**. Ds. Tas, 'n bynaam wat hy in St.3 gekry het, het 'n baie interessante lewe gehad. Hy wou teologie studeer, maar daar was nie genoeg fondse daarvoor nie, dus het hy homself as onderwyser gekwalifiseer. Terwyl hy

onderwys gegee het, het hy laatmiddae by ‘n Griekse kafeebaas gewerk om daar Grieks te leer praat. Verder het ‘n Joodse Rabbi hom vir drie jaar gratis opgelei. Hy het ook deur UNISA sy teologiese studies voltooi. Dieselfde dag wat hy sy studies voltooi het (1951) is hy deur Philadelphia beroep. Hy is na Stellenbosch en in 1965 toe sy seun, Kosie, sy graad ontvang het, het ds. Delport ook sy honeursgraad ontvang. Sy vrou, Wiese, is in 1976 oorlede na ‘n lang tyd van ongesteldheid. Hy is twee jaar later met Corrie Olivier getroud. In 1980 het ds. Tas afgetree uit ons gemeente.

Volgens die patroon het di. Matthee en Delport nie lank saam in die gemeente gedien nie. Ds. Matthee is in 1974 weg en daar moes ‘n nuwe prediker beroep word.

**Ds. DN van Zyl** is beroep en het in 1974 begin. Hy en ds. Delport het vir ses jaar saamgewerk tot ds. Delport in Maart 1980 afgetree het.

**Dr. JP Gavera** het in April 1980 by Bellville-Wes begin. Vir ds. Van Zyl was dit die verwelkoming van ‘n ou klasmaat. Hulle het saam klas geloop en was saam in Eendrag koshuis op Stellenbosch. Ongelukkig was dit nie vir lank nie, want ds. van Zyl verlaat ons in Junie 1980 nadat hy deur Bethulie beroep is.

Vir dr. Gavera is die nommer 13 glad nie vreemd nie. Dit was op die Kerkraadsvergadering van 13 Maart wat hy verkies is om na Bellville-Wes te kom en daardie aand was daar 13 nominasies vir die pos. Dit was gedurende sy 13de jaar in die bediening wat hy na Bellville-Wes beroep is en boonop het hy en sy vrou albei op 13 Oktober verjaar. Om die toeval net mooi af te rond was dit sy 13de beroep in die nege jaar wat hy by sy vorige gemeente in De Rust was.

Dr. Gavera het 22 jaar lank as Herder vir Bellville-Wes gedien. Hy is so lief vir die mense hier dat hy steeds, 20 jaar na sy aftrede, elke 2de week op ‘n Woensdagoggend ‘n Bybelstudiegroep lei.

Dr. Gavera het oor sy verblyf by Bellville-Wes die volgende gespreek: ”In die 22 jaar in Bellville-Wes was ek getuie van vele verskuiwings op teologiese gebied, kerklike beleid, gemeentelike

opset, en ook politiese gebied. Tussen al die paradigmaskuiwe wat aan ons opgedring is, was dit altyd vertroostend dat daar EEN is wie se trou en waarheid altyd van krag bly, Onse HERE JESUS CHRISTUS.” Dr. Gavera het sy vrou, Anette, onverwags in November 1989 aan die dood afgestaan. Maar die HERE het vir Martie, Anette se kamermaat uit hul studentedae, op 6 April 1993 sy pad laat kruis. Dr. Johnny Gavera het in April 2002 afgetree, presies 22 jaar nadat hy in April 1980 begin het.

In Julie 1980 word **ds. David Pepler** in ds. Van Zyl se plek verkies en sy intreepreek is op 3 Oktober 1980. Dus het ons in 1980 vier predikante gehad.

Ds. Pepler en dr. Gavera het vir 19 jaar saam gewerk tot ds. Pepler in April 1999 afgetree het. Hulle het ook nege jaar saam in die Oudtshoorn Ring gedien, want ds. Pepler het van Oudtshoorn-Wes gekom en dr. Gavera van De Rust. Hulle was ‘n gedugte span en het van Bellville-Wes ‘n lewendige gemeente gemaak. So is daar in hulle tyd begin met die Vrouediens as kommissie. Die eerste vroue is op die kerkraad verkies. Speletjiesaande en `n koffiekring vir die jeug is aangebied en skenkings aan die Herfsblare-klub, om seniors te ondersteun, is gemaak. Ds. Pepler was die leier van die CSV by die Hoërskool DF Malan om so die LIG na die jeug te neem. Op dié wyse is die geestelike betrokkenheid van Bellville-Wes in ons omgewing deur hulle aangespoor.

Ds. Pepler was nie net lief vir die jeug nie, maar ook ‘n praktiese persoon. Hy was in sy bedieningstyd by verskillende gemeentes betrokke, insluitende by die bou van vier kerkgeboue en twee pastorieë. Hy was ook baie lief vir sy sport, veral tennis en rugby. Ds. Pepler het in 1999 afgetree en na die Strand verhuis. Toe ek hom eendag bel en vra hoe dit gaan, was sy woorde, ”Ek kry my koffie en koerant in die oggend in die bed. Ek blaai eerste na die doodsberigte. As ek nie my naam daar sien nie, kan ek voortgaan met die dag.” Met sy afsterwe in Oktober 2004 is sy troosdiens vanuit Bellville-Wes gehou.

**Ds. Johan Els** het as predikant vir vier maande, vanaf Desember 2001 saam met ds. Gavera gewerk, maar het al aan die begin van 2001 as proponent by Bellville- Wes begin.

Weer eens het die VADER geweet wat Bellville-Wes nodig gehad het toe hy ds. Johan na ons gestuur het. In sy tydperk van 12 jaar het daar baie dinge in ons gemeente gebeur.

In 2002, deur die visie van 'n lidmaat, het die Sendingkommissie 'n sendingnaweek gehou. Dit was 'n keerpunt vir die gemeente om weer opnuut bewus te raak van ons sendingsroeping. Na die naweek was daar 'n nuwe energie in die gemeente. Paulene Townes het met twee kinders die Kinderkrans weer laat herleef. Die HOK (Here ons Koning)-bediening vir die laerskoolkinders en Tienerbediening het in dié tyd vinnig begin groei en jeugkampe is aangebied. Die groei van die jeugbediening het tot gevolg gehad dat daar gaandeweg meer jonger huisgesinne by die gemeente aangesluit het, selfs van buite ons grense.

Een van die eerste hoogtepunte was die uitstuur van ons eerste sendeling, Willem Esterhuizen (op daardie stadium die jeugleier). Hy is as voltydse sendeling na Muapula in Mosambiek gestuur. Ons het beslis nie die R2 000 per maand vir sy onderhoud vanuit die kerkkas gehad nie en moes 'n ander uitweg vind. Ons het gevra dat 100 lidmate (met ons stigtingsvergadering was dit ook 100 lidmate) elke maand twee "Cokes" minder moes drink en die koste van die "Cokes" wat R20 beloop het (vandag net een Coke) te skenk om sy uitgawes te dek. Sodoende kon hulle deel hê daarin om die groot opdrag van Matteus 28:19 te volbring. Binne twee weke het 100 lidmate hul beloftes gemaak en van daardie dag af het alles in Bellville-Wes omgedraai. Die finansies het opgetel en die gemeente het begin groei – 'n teken van GOD se getrouheid.

In 2004 het die gemeente sy eerste strategiese beplanning gehou wat 'n hele Saterdag in beslag geneem het. Tydens daardie samekoms het die HERE 'n nuwe Visie vir Bellville-Wes daargestel. Hierdie visie pryk vandag nog as baniere in die kerk. "As dissipels SOEK ons GOD, LOOF ons HOM, LEEF ons vir HOM en DOEN ons wat HY vra."

Ds. Johan het as gevolg van die groei in die kindergetalle, tweekeer 'n maand 'n kindermoment gedurende die diens aangebied. Aan die begin was dit 'n groot aanpassing vir die ouer gemeentelede,

maar selfs hulle het dit later begin geniet. Dit het weer vir Bellville-Wes as ‘n familiegedrewe gemeente na vore gebring.

‘n Groter fokus is geplaas op die groei van kleingroepe en die aanbied van die jaarlikse 40-dae programme het baie gehelp. Met die 2006 strategiese beplanning is daar besluit om die tradisionele basaar te omskep in ‘n “lente karnaval”. Dit het nie by alle lidmate aanklank gevind nie en daar was ‘n bietjie ongelukkigheid. Die geleentheid is op DF MALAN se sportterrein aangebied. Ongelukkig, of gelukkig, het dit daardie dag gereën en almal moes help om die karnaval na die kerksaal te verskuif. Ek sê ongelukkig/gelukkig, want GOD het ons gelei en gewys dat hierdie tipe funksies by ons gemeente hoort. Van die volgende jaar af het ons die 7de-Laan sepie aan ons karnaval, wat by ons kerksaal plaasgevind het, gekoppel.

‘n Ander saak wat emosies hoog laat loop het op kerkraadsvergaderings in daardie jaar was die afskaffing van Woensdae-aande se Bybelstudie met die Veritas Bybelskool. Die groot doel daarmee was om lidmate, maar veral kernleiers, toe te rus met bedieningsvaardighede. Geestelike volwassenheid kon duidelik bespeur word by die persone wat die kursus bygewoon het. GOD se hand kon ook hier duidelik gesien word, want drie Veritas Bybelskole is by ander gemeentes geplant.

In Mei 2006 is ons tweede sendelingspaar uitgestuur. Jimmy en Marelize Meyer is na Chimoio in Mosambiek gestuur. Teen einde 2009 is hulle vandaar na Riemvasmaak waar hulle steeds woonagtig is. Dit was ook nie ons enigste uitreike nie. GOD het ons werklik geseën deurdat ons ook die volgende kon ondersteun: Rudi Nagel – Kindergebedsnetwerk; James en Reinette Veitch – Malawi; Ernst en Betsie Toerien – Rusland; Hester Hamman - Geopende Deure; Shiloh en andere.

Ds. Johan het dit nooit maklik gehad nie, want die besluit om die kantoor te herstruktureer het ‘n spanningsvolle tyd in die gemeente veroorsaak, maar dit was nodig. ‘n Bestuurder is aangestel en die ander poste is verdeel. Liana Coetzee was Bellville-Wes se eerste bestuurder.

In 2007 is die “Lukas 10 Transformasie” (L10T) kursus, wat fokus op leefstyl evangelisasie, in die gemeente aangebied. Daar is na Boston se lane en woonstelblokke uitgereik. Spesiale melding moet gemaak word van Tannie Trudie de Swart, ‘n senior lidmaat, wat met haar loopraam op hierdie uitreike gegaan het. Tydens die uitreike het lidmate betrokke geraak by haweloses, vroue in prostitusie en vlugtelinge. Ons het baie nou saamgewerk met MES aangesien ds. Johan se vrou, Ilse, daar in beheer was. Die volgende uitdaging wat ds. Johan beleef het was die Xenofobie Krisis in 2009. Ons het saam met die Presbiteriaanse kerk in Rhosstraat vir drie weke aan 250 vlugtelinge kos verskaf. As gevolg van die band wat gesmee is met hierdie gemeente het ons ook tydens Paasfees begin om die Sondag Sonsopkoms erediens op Boston Primary se sportgronde aan te bied.

In Mei 2010 was daar weer ‘n strategiese beplanningsessie waar die doel van die kerk sterk op die voorgrond getree het. Uit hierdie sessie het ds. Piet du Toit die “Kruisseminaar” aangebied wat later opgevolg is deur die “Omgeruilde Lewe Seminaar,” aangebied deur Hendrik en Nehlsie du Bruto. Die kursusse het gelei tot Bellville-Wes se nuwe Visie: “Christusgesentreerde lewe.” Die Sokker Wêreldbeker is ook in Suid-Afrika aangebied. Ons het in samewerking met Stellenberg gemeente en ander denominasies uitgereik na die Bellville Velodrome. Ongeveer 10 000 sokker geesdriftiges is bereik deur ”Liefde van Jesus.” Na die uitreike het sportbediening ‘n permanente deel van Bellville-Wes geword met ds. Ben Marais wat ons hiermee bygestaan het. Dieselfde jaar het die Craft X-PO van Vredelust af na ons verskuif en tot vandag is dit ‘n groot bron van ons inkomste.

In 2011 kry ons vir Pathyco Kapuya in ons gemeente. Hy is ‘n Christen van die Kongo en wou by ‘n NG Kerk inskakel. Dit het gekos dat daar elke Sondag iemand by hom moes sit om vir hom te tolk omdat hy nie Afrikaans verstaan het nie. ‘n Hewige debat het om ds. Johan se kop losgebars oor die vestiging van ‘n Kongolese weeshuis in Bostonstraat langs een van ons gemeentelede se woning. Om die rusie te vererger het ‘n gemeentelid die voorstel ingedien om ‘n bediening vir vlugtelinge uit Afrika by Bellville-Wes se fasiliteite te huisves. So is Bellville-Wes Community Fellowship (BCF) in 2012 onder leiding van pastoor Rean de Necker gestig.

Ds. Johan het in 2014 na die Bergsig Gemeente in Durbanville verhuis met die woorde: "In my tyd by Bellville-Wes was daar baie koppe gestamp, maar ek het die voorreg gehad om saam met 'n kerkraad met waagmoed die gemeente van CHRISTUS te bedien, alles tot SY eer. Ek het by Bellville-Wes kom leer dat CHRISTUS regtig HOOF is van die kerk en 'n waarmaker is van SY beloftes."

**Ds. Willem Thomas (Willie) Badenhorst III**, het op 1 Desember 2014 by ons gemeente aangesluit. Hy is van Alberton-Wes beroep waar hy vir 10 jaar die HERE gedien het. Voor dit was hy by Malmesbury en Oudtshoorn-Suid gemeentes.

Hy was onbewus van die beskikbare pos, maar is deur `n familielid, wat in die gemeente is, daarvan in kennis gestel.

Waarom Willem Badenhorst **III**? Voor hom was daar twee Willem Thomas Badenhorst predikante in sy familie. Hy is dus nommer drie. Toe hy vir sy pa sê dat hy 'n predikant wou word het sy pa hom gevra waarom hy dit wou doen. Sy eerste verduideliking was nie goed genoeg nie en sy pa was nie bereid om vir sy studies te betaal nie. Met sy latere verduideliking wat as volg was, "Ek het die ervaring beleef dat die HERE my geroep het om dit te doen en dat ek graag getrou aan hierdie roepstem wil bly", het sy pa toestemming gegee. Sy pa was aanvanklik bang dat hy 'n predikant wil word om die tradisie voort te sit en dit was nie goed genoeg nie.

Weer eens was GOD getrou aan SY liefde vir Bellville-Wes. HY het die persoon, wat op daardie stadium nodig was, en in die toekoms, waar Covid 19 nog vir ons daardie tyd onbekend was, gegee om met kalmte en wysheid leiding te neem.

**Wat is ds. Willie se sterk punte?**
In die erediens bring hy die WOORD van GOD, soos dit in die BYBEL aangeteken is, maar tog eenvoudig en prakties en met behulp van kwinkslae en tegnologie sodat dit vir die gemeente verstaanbaar en aanneemlik is.

Hy glo dat families saam eredienste moet bywoon en daarom het hy weer die kindermoment tydens die diens ingestel. Met die hulp van Wouter Swart word dit deur almal geniet.

Bellville-Wes se aktiwiteite geskied meestal in spanverband, soos ons kommissies bewys. Ds. Willie, met ‘n sterk leierskapsgawe, het met goeie kommunikasie en gesonde verhoudings leiding geneem en heelwat nuwe idees en aktiwiteite in die gemeente laat wortel skiet.

Hy is baie prakties en kon met die Eiendomskommissie en koster goed saamwerk om dinge te laat gebeur op ons kerkterrein. Hierdie aktiwiteite het vir die gemeente baie geld gespaar. Daar is onder andere in Junie 2017, met behulp van Gerhard Fourie en die kerkraad, ‘n nuwe teerblad vir die parkeerarea gegooi. Daar word ten minste twee keer ‘n jaar op ‘n Saterdagoggend instandhoudingswerk gedoen aan die kerkgebou, tuine en saal met behulp van gemeentelede.

Ds. Willie het ook Ligstad vanaf Alberton Gemeente saamgebring. Hierdie NGO konsentreer hoofsaaklik op die senior burgers en behoeftiges. So is daar elke Vrydagoggend persone wat na die behoeftes van die seniors omsien. Hare, naels en ander ditjies en datjies word gedoen. ‘n Ruimte onder die verhoog van die saal is daarvoor ingerig.

As ds. Willie gedink het dat hy ‘n gemaklike lewe hier gaan hê, het hy hom misgis. Die polomiek oor selfde-geslag verbintenisse het destyds hoogty gevier in die Sinode en is indringend bespreek op die Kerkraadsvergaderings en deur die Dagbestuur. Ds. Nelis Janse Van Rensburg het ons gemeente ook kom toespreek in hierdie verband.

In 2017 het ons klagtes ontvang van ons bure dat die dienste van BCF (Bellville West Community Fellowship) wat in ons kerk aangebied word te oorverdowend was. Daar is na vele vergaderings en onmin onder gemeentelede besluit om nie meer ons kerk vir hulle beskikbaar te stel nie.

Ten spyte van al die slaggate het baie goeie dinge ook gebeur. Tydens September 2016 se kerkraadsvergadering is daar ‘n besluit geneem om op ‘n uitreik na Riemvasmaak, waar ons sendelinge Jimmy en Marelize Meyer werksaam is, te gaan gedurende die Junie/Julie-vakansie van 2017. Daar is ook ‘n besluit geneem op ‘n nuwe logo met die leuse “Dien Christus Biddend Saam.” Dit was ‘n voorstel wat van die Bosberaad daardie jaar afkomstig was.

Vanaf 2017 het die senior lidmate aangebied om op Dinsdae die Nagmaalservies voor te berei en die komende nagmaalvieringe met gebede te seën. Wasikofi is in die voorportaal van die saal begin, sodat die gemeente op Sondae na die diens saam kan koffie drink en mekaar beter kan leer ken. In 2017 het ons ook ‘n opvoering, “Die Klaagliedere van ds. Tienie Benade”, gespeel deur Frank Opperman (beter bekend as Ouboet van Orkney Snork Nie) aangebied in ons kerksaal. Vanaf November 2017 is daar besluit dat die Kerkraad elke eerste Sondag van die maand voor die diens in die konsistorie bymekaar sou kom vir gebed.

Ons het ook in dieselfde jaar samesprekings met Ligstad en Bellville-Vallei gemeente begin om ‘n Proponent aan te stel wat beide gemeentes sou bedien. Die Sinode wou ‘n paar studente wat afgestudeer het en nie poste kon kry nie die geleentheid gee om by ‘n gemeente in te skakel. Die twee gemeentes sou die salaris vir die proponent gelykop deel. **Ds. Karli Liebenberg** het op hierdie manier by ons aangesluit in Februarie 2021.

Een van die grootste uitdagings vir almal wêreldwyd was Covid-19. Alles het gaan stilstaan. Ds. Willie moes homself beskikbaar stel as skrynwerker om aan die lewe te bly. Wel, JESUS was ook ‘n skrynwerker, dus het ds. Willie dit gesien as ‘n geleentheid om in die voetspore van JESUS te loop. Maar ons is deur God se genade daardeur en nou is ons besig om weer te bou aan die gemeente.

Dan is daar ds. Willie se familie. Hulle is almal betrokke by die gemeente en veral Andra is onmisbaar in Bellville-Wes. Gedurende die Covid-19 pandemie het sy Wasikosi op die been gebring waar die vroue deurry-etes verkoop het op Vrydae middae om sodoende ‘n inkomste vir die gemeente te genereer. Sy het saam met ds. Willie die koffiewinkel, Kruiskoffie, in die voorportaal van die

kerksaal oopgemaak. Dit is vir Bellville-Wes gemeente 'n groot geleentheid om homself in Boston bekend te stel.

Bellville-Wes wil dankie sê aan ds. Willie vir alles wat hy en sy familie vir ons as gemeente beteken en doen en hoop ons kan nog lank saam in diens van die HERE wees. Laat julle LIG altyd helder skyn.

Om die onderwerp van Ons Herders af te sluit, kan ons nie nalaat om **ds. Gert Olivier** se naam te noem nie. Ds. Gert is 'n afgetrede predikant wat in Chrismar Villas bly, maar hy voel al soos deel van ons gemeente se familie. Wanneer ds. Willie die dag nie op die kansel kan wees nie, is dit ds. Gert wat vir hom instaan.

Dan is daar ons Peetpa, ds. Kobus Swartz. Hy was vir baie jare voor sy aftrede ons konsulent in die Bellville Ring. Hy is in 1956 in Bellville-Wes gedoop. In 1986 is hy na Bellville-Vallei beroep en word Ring Skriba. In sy eie woorde: "Ek het as nuwe ringslid baie ondersteuning van di. Gavera en Pepler gekry en daardeur 'n noue verbintenis met Bellville-Wes opgebou." Ds. Swartz het ons ook bygestaan met die beroep van ds. Willie Badenhorst. Ons wil hom hartlik bedank vir sy aandeel aan die geskiedenis van Bellville-Wes.



Oudpredikante en hul gades

# Ons Kerkraad

Die Kerkraad is die lewensaar van die Kerk. Hulle is die persone wat die lewensbloed na die gemeentelede neem - geestelik en pastoraal. Dit is uiters belangrik vir die bestaan van ‘n gemeente dat hulle by die lidmate uitkom. Hulle neem die besluite wanneer daar Kerkraadsvergaderings gehou word. Dus is ‘n gemeente geseënd indien daar kundige persone op die Kerkraad dien.

In Handeling 6:2-4 het die 12 Apostels besef dat hulle nie al die werk kon doen nie, en het beveel dat daar sewe manne gekies word wat kan omsien na die versorging van die gelowiges.

Die VADER het oor die afgelope 75 jaar gesorg dat Bellville-Wes altyd in die hande van knap Ouderlinge en Diakens is. Die gemeente is in moeilike tye deur kundige persone bestuur sodat ons vandag steeds in `n goeie finansiële posisie is.

Nadat die 100 lidmate op 27 Oktober 1947 op stigting van die gemeente in Boston besluit het, is die eerste Kerkraad van 10 Ouderlinge en 10 Diakens gekies en op 23 November 1947 voorgestel. Hul eerste groot taak was die beroeping van ‘n leraar wat ook op 15 Desember gedoen is. Die gemeente is in vyf wyke verdeel en daar is besluit op vyf Kommissies.
Om die kwaliteit van die Kerkraad te onderstreep, noem die Fees Album van 1952 dat die volgende beroepe in die Kerkraad verteenwoordig is: ‘n magistraat, medikus, Lid van die Volksraad, Lid van die Provinsiale Raad, spoorwegwerker, staatsdienswerkers, lid van Polisiemag, Burgemeester van Bellville, afgetrede predikant, onderwysers en sakemanne.

Daar was oor ‘n tydperk van 30 jaar agt burgemeesters van Bellville wat op die Kerkraad gedien het. In die 60’s het die kerkraad tot 70 gegroei. Daar was 32 wyke met ‘n ouderling en diaken elk, ‘n leier Ouderling, ‘n leier Diaken, ‘n jeug Ouderling en Diaken en een hulp Ouderling en Diaken.

Net ‘n staaltjie van ‘n spoorwegwerker wat ‘n Kerkraadslid was – hy het met die sinjale gewerk, dus het hy a.g.v. sy werk ‘n stewige

handdruk gehad. Daardie tyd moes kerkraadslede, wanneer hulle die oggend voor die diens by die konsistorie inkom, almal met die hand groet. Ons as diakens het dus altyd dopgehou wanneer 'n nuwe kerkraadslid inkom en vir Oom Kotze groet. Indien jy nie vinnig en diep sy hand vat nie, krul jy van pyn soos hy jou vingers inmekaar druk. Die uitdrukking op die manne se gesigte kon dan baie komies wees en daar kon selfs nou en dan 'n kreun gehoor word tot ons groot vermaak.

Hannie Toerien, wat van 1961 af in die gemeente is en wie se man ook lank as Diaken en Ouderling gedien het, vertel 'n staaltjie van ds. Van der Meulen wat as afgetrede predikant as Ouderling diens gedoen het. By Hannie het 'n klompie loseerders gebly en sy het een Sondagoggend met die loseerders bietjie laat by die kerk opgedaag. Daar was geen plek vir hulle om te sit nie (dit was die goeie ou dae). Ds. Van der Meulen sien hulle uit die Ouderlingbank raak, staan op en gaan staan voor die kansel, hande in die lug. Hy sê aan ds. du Plessis "Stop 'n bietjie broer". Hy gaan haal hulle by die deur en so ver hy met die gang afstap sê hy: "Skuif op, skuif op." So druk hy hulle, tot groot vermaak van die gemeente, een-vir-een in verskillende rye in totdat almal plek het. Daar is nog baie staaltjies oor ds. Van der Meulen wat vertel kan word.

Groot besluite moes oor die 75 jaar deur die kerkraad geneem word. Ek is in 1965 as die eerste ongetroude diaken in Bellville-Wes vir die eerste keer verkies. Ek kan dus 'n paar van die soort besluite waaraan ek deelgeneem het, weergee;

**1966 Aug:** Diaken Frikkie Burger dien `n mosie vir die afskaffing van manélpakke in. In September word die saak tydens die kerkraadsvergadering bespreek. Nadat 16 kerkraadslede driftig hul saak gestel het, word daar gestem. Die uitslag was 17 teen 16 vir die behoud van manélpakke. 'n Jaar later is daar `n hersiening ingebring en in Oktober 1967 word manélpakke uitgestem.

**1967 April:** die orde van instap in die kerk vanaf die konsistorie word gewysig. Die ouderlinge moet eerste instap.

**1967 Oktober:** daar word besluit om die bord voor die kerk op te knap en dat 'n glas vooraan die bord aangebring moes word. Die

Ring van Bellville doen 'n beroep dat die besluite rakende "danspartye" eerbiedig moet word deur die dansvermaak met beter en meer positiewe vorme van ontspanning in ons volkslewe te vervang.

**1968 Feb:** 'n Koevertstelsel word ingestel vir die maandelikse bydraes. Dit is veral mej. Blaauw se losieshuis waar die diaken nie altyd die jongmense in die hande kry nie.

**1969 April:** 'n kerkraadslid kla dat die kerkbanke mense se klere vlek (vandag gebeur dit steeds). Daar word besluit om die rietdak van die pastorie in 8ste Laan te vervang. Daar word besluit om 'n skrywe te rig aan die munisipaliteit teen die oopmaak van die Bellville publieke swembad op Sondae.

**1980:** daar word besluit op 'n kwartaalblad "Padlangs". Dit was genoem: Winter, Lente, Somer en Herfs. Die verskillende wyke, kommissies kerkraad en ander lede kon stukkies daarvoor verskaf. 'n stukkie uit 1982: "Kinderlike Geloof; Gebed van 'n 4-jarige seuntjie: Liewe Jesus maak my 'n soet seuntjie. Help my dat ek nie met Boetie baklei nie, maar ag Liewe Jesus, as ek slaan , help my dat ek nie mis slaan nie."

**1981 Feb:** die koop van die pastorie in 7de Laan word goedgekeur. Daar word besluit dat die brood en wyn eers uitgedeel word gedurende nagmaal en dan gesamentlik gebruik word.

**1981 April:** die Sinode se besluit dat vroue as diakens verkies mag word, word aangehoor en bespreek. Die versoek van die diakonie vir 'n speletjiesaand vir hoërskoolleerlinge word aanvaar.

**1981 Nov:** luidsprekers in die kerk word goedgekeur.

**1982 Feb:** stigting van die Koffiekring en Vrouediens. Die plasing van die eredienste in Die Burger sal nie meer geskied nie.

**1983 Aug:** die eerste vroue word as diakens verkies. Die vier eerstes was: A. Lotz, N. Kotze, T. du Plessis en M. Koorts. Hulle kleredrag was 'n swart romp en wit bloes. Ons mansdiakens was

nie baie gelukkig nie omdat ons nog ‘n baadjie en das moes dra in die warm somer.

**1984 April:** biduur vir huishulpe word ingestel.

**1984 Mei:** biddag vir reën met die erge droogte word ingestel.

**1986 Junie:** daar word besluit dat ‘n brief aan die Minister gerig sal word teen: 1. Drankverkope op Sondae; 2. Sondag-bioskoop; 3. Dat publieke swembaddens nie gedurende kerktye oop sal wees nie.

**1986 Sept**: ‘n besluit dat ‘n nuwe Kanselbybel aangekoop kan word.

**1987**: C. v.d. Watt dien ‘n voorstel in vir ‘n vlooimark. Dit word geweier. Daar word ook teen die sing van Halleluja-liedere in die kerk gestem. In November het ons ‘n SAUK-uitsaaidiens. Daar word besluit om twee Diakens agter in die kerk te laat sit vir noodgevalle. ‘n Beplanningskommissie met al die kommissie-voorsitters word op die been gebring.

**1988 Feb:** ‘n voorstel dat daar weggedoen word met swart pakke word voorgelê sonder sukses.

**1988 Apr:** vakkies vir die verskillende wyke word in die konsistorie aangebring om al die ouderlinge en diakens se korrespondensie in te sit.

Tydens **September 1987** se vergadering word daar besluit op ‘n kleuterkerk tydens die erediens. Dit het vanaf Januarie 1988 gegeld. Die teen-argument was dat die doel nie moet wees om die kleintjies op te pas nie, maar om hulle kerkryp te maak.

In **Februarie 1988** word ‘n argiefkommissie gestig met prof. Scholtz as voorsitter. Die Sinode besluit om swart pakke as kleredrag te skrap en dat ouderlinge en diakens naambordjies moet dra.

**Mei 1988** – 'n kommissie word saamgestel om met die munisipaliteit te onderhandel dat 'n lokaal binne ons grense nie gebruik mag word om bosslapers te voed nie. Tydens **Junie** se vergadering rapporteer die kommissie dat die lokaal nie meer gebruik sal word nie. 'n Spesiale kollekte, d.m.v. 'n sendingsbussie, word gevra vir 'n onderwyspos in Malawi. Kerkraadslede word gevra om elke maand 50c by te dra. Die kermis word vanaf September na Maart 1989 geskuif. Die kermis moet insluit: toutrek, skyfskiet, ponieritte en woonwaens moet gebruik word as stalletjies. Wyke met meer as 25 besoekpunte moet 'n tweede diaken kry. Die tema vir 1989 was "Christus vir 'n gelukkige Suid-Afrika."

Een van die moeilikste besluite wat 'n Kerkraad sekerlik moet neem is wanneer die Pre-advieskommissie drie kandidate se name moes voorlê waarvan slegs een as nuwe leraar gekies moet word. In **1980** het dit twee keer gebeur. Dr. Gavera is in Maart verkies en in Junie is ds. Pepler verkies. In **November 2001** is ds. Els verkies en in **November 2014** ds. Badenhorst.

Vanaf **2001** was die Kerkraad onder redelike druk. Dit het finansieël nie goed gegaan nie en Finkom moes moeilike besluite neem. Dit was ook in hierdie tyd wat ons gemeente die sendelinge na Mosambiek wou stuur, soos vroeër genoem.

Daar is ook na 'n hewige debat besluit om uit te reik na haweloses en vroue vasgevang in prostitusie. Ons gemeente het hande gevat met MES Kaapstad en so is daar later 'n MES-tak in Bellville gevestig. Tot vandag werk ons nou met hulle saam. Die vlugtelingprobleem het in Kaapstad ontstaan en is uitgebrei na Bellville. Weer eens is daar onder hewige debat, wat vergaderings by tye warm gemaak het, besluit om kos te verskaf, maar nie by ons fasiliteite nie. Daar het wel later 'n bediening in ons kerk begin, "Bellville West Community Fellowship."

Dit is ook in **2008** wat Noleen Ehlers haar Craft Xpo na ons verskuif het. Tot vandag huur hulle die saal by ons en ons genereer 'n ekstra inkomste deur die restaurant te bestuur. Tydens 2007/08 se Bosberaad is besluit dat 'n bestuurspos in die kerkkantoor geskep

moet word en dit het weereens hewige debatte op Kerkraadsvergaderings gelewer.

Om fondse in te samel is daar besluit om gholfdae te reël aan die begin van elke jaar en daar is ook ‘n paar groot wynveilings aangebied. Gedurende die veiling in **Maart 2012** is daar ‘n vat wyn, 300 bottels, plus ‘n besoek aan die kelder waar die wyn gemaak word vir 16 persone opgeveil. Die persone kon dan ook hulle eie wyn versnit. Beyers Truter was die gasspreker by die geleentheid.

Die Kerkraad het ook in **2012** ‘n versoek gekry van Esther Goosen om die Bybelskool klaskamers op te gradeer. Die Goosen Family Trust het ons finansieël bygestaan en die kamers is omskep in omgewings waar die jeug vrugbaar kon leer van die LEWENDE WOORD van GOD.

Ons Gemeente glo aan die volgende spreekwoord, “Daardie kerk wat op kindervoete beweeg en na sy kinders omsien, het ‘n toekoms”. Reeds van 1880 bepaal die Sinode dat elke kerkraad ‘n sondagskool moet hê waarvan die leraar die superintendent moet wees. Dit moet vir elke ouer ‘n trots en dankbaarheid wees om te weet “My kind het ‘n BYBEL.”

Bellville-Wes se Kerkraad het nog altyd vir hulle kinders gesorg. Kinderdiens, Kinderkrans, Sondagskool, Katkisasie en die laaste paar jaar ons jeug orkes.

In **1982** het ‘n jong Sub-B seuntjie, Charl Cooper, aan Padlangs geskryf: “Dinsdag middae gaan ons almal kinderkrans toe. Ons het ook kaarte waarop ons gesiggies plak. As ons nie daar is nie kry ons ‘n huilgesiggie. Ons moet ook elke week ons geld bring vir ‘n man op Msinga wat vir die soeloes van Jesus moet leer. Ons moet vir hom ‘n huis bou. Daar is ook elke week ‘n gelukkige stoel. As jy op die stoel sit, kry jy ‘n lekker. Dit is baie lekker in die kinderkrans. Ek hou baie daarvan.”

Dit is wanneer die kerk so omsien na sy kindertjies dat hulle na 40 jaar steeds elke Sondag hul plek in die kerk vol sit en nogsteeds

elke week daardie bydrae gee om vir iemand 'n huis te bou en vir ander van JESUS te leer.



Kerkraad van 1980




Eerste vrouediakens

# Ons Personeel

Geen onderneming kan ‘n sukses wees sonder sy personeel nie. So kan geen gemeente bestaan sonder sy administratiewe en algemene personeel nie. Die gronde en geboue moet skoon en netjies gehou word, geld moet ontvang en gebank word, data van die gemeentelede moet op datum gehou word en so kan ons aangaan. Die take is te veel om alles op te noem. Daar was oorspronklik net ‘n skriba/kassier, koster en skoonmaker in diens van ons gemeente. Bellville-Wes was weer eens so geseën met uitstekende mense.

Die skribas was onder meer mnre **Kasselman, Cornelissen, Nieuwoudt** en nog vele meer. Die kosters het ingesluit **Du Toit, Lazarus, Smit, Wait, Hugo, Strydom, Dina Engelbrecht, Theo Nel, Kobus Reichel en Danie Jacobs**. In 2007/08, na ‘n Bosberaad, is daar ‘n besluit geneem om ons struktuur te verander. Daar is vir die eerste keer ‘n bestuurder aangestel om na die administratiewe deel om te sien en sodoende die leraar meer tyd te gee om geestelik na die gemeente om te sien.

Ons eerste, en ook enigste, bestuurder was **Liana Coetzee**. Met haar bedanking einde 2016 het die gemeente daardie pos geskrap en ’n administratiewe beampte pos geskep. **Mev. Suranelle Laubscher** is die eerste persoon wat in daardie pos aangestel is.

Na mev. Laubscher se afsterwe het ons in 2022 vir **Lana Schindehutte** aangestel as ons nuwe administratiewe beampte.

Dit is altyd sleg as jy ‘n goeie persoon verloor wanneer hy/sy bedank, maar dit is nog soveel intenser wanneer jy iemand weens ernstige siekte aan die dood moet afstaan. Ons het ongelukkig in ‘n kort tyd drie persone op hierdie manier verloor. Eerstens was daar **Kobus Reichel**. Hy was ons Koster en sy nalentskap kan gesien word in die waterdromme en geute wat in die droogtetydperk by ons kerk aangebring is. Tweedens was dit **Suranelle Laubscher**, ons administratiewe beampte, wie ernstig siek geword het en vroeër hierdie jaar haar stryd teen kanker verloor het. Derdens was dit ons laaste koster, **Danie Jacobs**, wie skielik van ons weggeneem is op Sondag 24 Julie 2022.

**Almal van hulle het die VADER gedien met die gawes wat HY vir hulle gegee het.**



Danie Jacobs



Suranelle Laubscher



Liana Coetzee



Theo Nel



Lana Schindehutte

# Die vroue van Bellville-Wes

Deur die jare het die vroue 'n groot rol gespeel en 'n enorme bydrae gelewer tot die sukses en vooruitgang van ons gemeente. Hier volg 'n paar hoogtepunte m.b.t. ons vroue.

Die vroue van Bellville-Wes se eerste groot bydrae tot die Gemeente was ons **kerkorrel.** Hulle het 'n Walker-instrument (twee manuaal) ter waarde van £2 500 (in vandag se terme ongeveer R1 miljoen) by die firma R. Muller aangekoop en aan die kerk geskenk. Fondse vir die orrel is oor 'n tydperk van drie jaar tussen 1947 en 1950 ingesamel. Die orrel is 'n jaar na die inwyding van die kerk, in Oktober 1950, geinstalleer en ingewy. Deur die jare het ons gemeente oor talle begaafde orreliste en koorleiers beskik. Van die name sluit Dirkie de Villiers, Pieter van der Westhuizen, Lourens Strydom, Elsabe Roos, Annatjie Brand, Monica de Vries en Eon Malan in.

Gedurende Februarie-maande bied die vroue ook 'n **High-Tea** aan wat onstaan het as 'n Valentynstee. Baie bekende gassprekers soos Lindie Strydom, Francois Rautenbach en Carike Keuzenkamp het al by hierdie geleenthede opgetree.

Die **basaar** wat in Septembermaand aangebied word was vir 'n paar jaar gekoppel aan die sepie 7de Laan en hoofspelers soos Angelique Gerber, Werner Coetzer, Diaan Lawrenson en Christi Panagio was as gaste deur die Vrouediens genooi.

**Ander geleenthede** wat die Vrouediens deur die jare gereël het sluit modeperades deur lidmate, toneelopvoerings en Saterdagoggend vrouebyeenkomste in. Ons vroue is ook verantwoordelik vir verversingsreëlings by begrafnisse en die reël van ons jaarlikse gemeente-ete.

Hulle fokus op dienslewering, hulp aan behoeftiges en bederf van ons manne, vroue, seniors en skoolgaandes.

Sonder die vroue in ons gemeente sal geleenthede soos onder andere Wasikofi, Vrouekuiers, Mini-basaars by projekdae, senior-

etes, Moeders- en Vadersdagbederfies, Pinkster-sop en brood bediening, Sondae blomme in die kerk, Manne-ontbyte, die restaurant by die jaarlikse Craft-Xpo en versiering van die kerk vir die Kerstyd, nie moontlik wees nie.

Mag ons vroue in die komende jare van ons gemeente se bestaan van krag tot krag gaan om ons kerk en gemeenskap te ondersteun en bou met ywer en genade van Bo.
















# Die jeug van Bellville-Wes

**Sondagskool:** Omdat daar nie 'n onderriglokaal beskikbaar was nie, is die Sondagskool vanaf 1947 tot 1949 nog by Moedergemeente aangebied.

Die kerk is vanaf 1950 vir hierdie doel gebruik en die getal kinders het gegroei van 100 na 230 met 14 onderwysers. In 1952 het dié getal gegroei tot 320 kinders met 32 onderwysers.

In 1951 het die Sondagskool hul jaar afgesluit met 'n pragtige Kersspel. Die jaar 1952 was 'n groot jaar vir die Sondagskool. Eerstens het hul 'n pennielegging geloods op die letters "NG Kerk Bellville- Wes Boufounds" en daarmee £10 ingesamel wat in vandag se geld ± R4000 beloop. Hierdie inisiatief het gelei tot die vyf-jaar afbetalingsplan van die kerk. Tweedens is die Sondagskool gekies om tydens die Van Riebeeckfees op Jeug-Sondag, 23 Maart 1952, die vaandel van die Sondagskool vooraan die optog van duisende NG-Kerk kinders te dra.

**Maryna Vos** gee vir ons 'n oorsig van die **Sondagskool** tussen 1980 en 1994: Ds. Pepler was die voorsitter van die Sondagskool in daardie jare. Punte is aan leerders toegeken vir kerkbywoning, teenwoordigheid in klas en vir tuiswerk wat gedoen moes word. Ek was betrokke by die Sub-A (Gr.1) klassie en het ook by die pre-primêre klassie begin. Aangesien daar baie kinders in die gemeente was, het elke standerd uit twee klasse bestaan. Die Sondagskool is soggens voor die oggenddiens aangebied. Almal het by die saal byeengekom en ek het hul begelei met samesang. Nadat die leier met gebed geopen en die afkondgings gedoen het, het die kinders na hul klasse verdaag.

Daar was speletjiesaande gereël, boeresport, waatlemoenfeeste, uitstappies na "Ou Skip" in Melkbosstrand, en vir die ouer kinders aandgodsdiens op Tafelberg. Die sing van "Op Berge en in Dale" het 'n nuwe betekenis vir hul gekry. Die jaareindfunksies was altyd iets om na uit te sien. Die kinders het waarlik in daardie jare die Sondagskool baie geniet.

Daar was een seuntjie wat anders gedink het – sy juffou was ‘n ouerige dame. Een oggend kom hy huilend by sy mamma aangehardloop: “Ek gaan nie weer Sondagskool toe nie, want ek is bang die ouma val dood voor ons op die grond.” Nou ja, jy kan nie almal tevrede stel nie.

**Kinderkrans:** In die jare ’80 het ds. Pepler se vrou, Winnie, Maryna Vos en Ina Oberholzer ‘n Kinderkrans groepie op die been gebring. Hulle het Dinsdae middae bymekaar gekom, gesing, na Bybelstories geluister, gespeel en natuurlik geëet en koeldrank gedrink. Die onderskeie dames het elkeen ‘n groepie gehad vir wie hulle die Bybelstories vertel het. Om fondse vir die Kinderkrans te bewerkstellig is daar elke jaar ‘n Kinderkrans Basaar gehou en op Vrydagaande is daar kerrie en rys verkoop.

**Die Koffiekring** – Aan die gemeente was hy bekend as ds. Sampie Stapelberg, maar vir die senior tieners was hy Uncle Sam. Hy het in 1991 van die NG Kerk Suider-Paarl gekom en op Sondagaande vir die senior kinders ‘n koffiekring begin. Hulle het saam as ‘n groep eers die aanddienste bygewoon en daarna bymekaargekom. By die geleentheid het hulle saam gesing, Bybelstudie gehou, oor al hul probleme gesels en, natuurlik, koffie gedrink. Aan die einde van elke kwartaal het hul as groep ‘n safari-ete, wat deur die ouers van die gemeente in hul huise aangebied is, geniet. Die koffiekring was uiters gewild, en het tot een van die grootste in sy soort in Bellville gegroei. Oorspronklik was dit net vir die gemeente-kinders, maar later kon hulle ook van hul skoolvriende saamnooi. Kinders het die sang gelei met kitare en ‘n “keyboard.” Hul het ook onder leiding van Bennie, wie saam met Sampie die geleenthede bygewoon het, tydens die aanddienste met hul kitare, “keyboard” en sang opgetree. Kitare was dus al van daardie jare af deel van ons eredienste.

Uncle Sam het gedurende die Oktober skoolvakansie van 1991 die kinders ook op hul eerste Dienswerkkamp na Dennebos, Ceres geneem. Kampgangers is deur die kinders bedien met sang. Die laaste aand het hulle ‘n nagmars teen ‘n koppie uit gehad waar hulle ‘n kruis geplant het. Die Here is daarna met lofsang geprys.

In 1992 en 1993 het hulle twee stranddienskampe in Hartenbos aangebied. Weer is kampgangers met lofsang bedien. Twee kerke is besoek waar die kinders ook lofsang aangebied het. Die tema vir die kampe was "Voete vir Jesus." Een oggend vroeg het die kinders twee groot voete uit sand op die strand gebou.

**Kerk-Jeug-Vereniging (KJV)** – Met die samesmelting van die Christelike Strewers en die Christelike Jongeliede Vereeniging in Julie 1951 het die KJV ontstaan. In 1961 het hierdie beweging uit 28 000 lede bestaan. Die naam is in 1976 verander na Kerk Jeug Aksies (KJA).

Vanaf die onstaan tot in die laat sestigerjare was die KJV 'n baie aktiewe groep in Bellville-Wes Gemeente. Daar was ongeveer 32 jongmense wat gereeld bymekaargekom het en ook saam met ander gemeentes se groepe pluimbal, vlugbal en ander speletjies gespeel het. Ons kerksaal was natuurlik ook dan ideaal vir hierdie geleenthede.

Die Kerkraadsverteenwoordiger vir die KJA was oudl. Koos Senekal, die ideale keuse vir hierdie posisie. Onder sy leiding was daar vele uistappies na o.a. Sederberge, Kangogrotte en Jonkershoek. Daar is ook grappige opvoerings in die saal aangebied en Bybelvasvra-aande is gereël. Ander gemeentes is ook hierby betrek.
Uit die sestiger-jare groep het sewe paartjies met mekaar in die huwelik getree. Ek en Marlene is een van hierdie paartjies. Uit hierdie groepie is drie paartjies nog getroud, drie se huweliksmaat is oorlede en een paartjie is albei oorlede.

Een baie positiewe bydrae t.o.v. ons huidige jeug is die musiekgroep wat Sondae in die kerk bedrywig is en die betrokkenheid van ons kinders by die eredienste met hul opvoerings en sang.







# Diamant Lidmate

Hierdie is 'n lidmaat wat in die gemeente woonagtig was met die stigting en nog steeds lidmaat is. Marlene Roux, gebore Visser, en Fonnie Uys is op die oomblik die enigste persone wie hiervoor kwalifiseer.

Marlene het saam met haar ouers in 1946 in Derde Laan ingetrek en bly nou in Sewende Laan en is steeds 'n lidmaat van Bellville-Wes. Sy is hier getroud, so ook twee van haar kinders, haar vier kinders is almal hier gedoop en so ook vyf van haar kleinkinders.

Fonnie het ook as kleuter saam met sy ouers in Boston ingetrek, hier skoolgegaan, gekatkiseer en bly steeds hier. Sy Pa was een van die eerste diakens van die nuutgestigde Bellville-Wes Gemeente. Sy kinders is ook in die kerk gedoop en sy vrou, Hetta, is steeds 'n baie aktiewe lidmaat van ons gemeente.

Beide Marlene en Fonnie is beslis hul Diamant Status waardig.





# Oudste Lidmate

Waar ons al drie 100-jariges gehad het, naamlik Girly Bishop van Sesde Laan, Ina Bester van Sesde Laan en Delisia Jooste van Harmonie Laan, is ons huidige oudste lidmate Maxie Schreuder van Welgelegenhof (93), Joey Griebenow van Chrismar Villas (92), Petra Gresse van Serena Woonstelle (91) en Hannie Toerien van Melkhoutlaan (91).

# Uitsonderlike Lidmate

Ek gaan nou my kop in 'n byenes steek, maar oor my tydperk van 58 jaar by Bellville-Wes het ek saam met baie mense gewerk en sal graag 'n paar wil uitlig.

Hetta Uys se man, Fonnie, en Hannie Toerien se man, Karel, was op die kerkraad toe ek as die eerste ongetroude diaken op die Kerkraad vir die eerste keer verkies is. Jannie de Jager en Viccy Smit was albei platjies en het gereeld poetse gebak. Een daarvan was wanneer hulle staan om die kollekte bordjies by die ander diakens te neem; hulle het hul hand laat sak net wanneer die diaken syne bo op wil plaas. Die diaken voel asof sy bordjie wil val en skrik hom boeglam.

Oom Koos Senekal was eers diaken vir die jeug en later ouderling vir die jeug. Jy kon nie 'n beter persoon vir daardie poste kry nie. Hy het gereeld met sy hele gesin die uitstappies meegemaak.

PP Smit, Burgemeester van Bellville, sakeman en waterwyser. Ek was nog altyd ongelowig wat dit betref tot ek saam met hom op Bellville Rugby klub se velde gestap het en hy vir ons gewys het waar om te boor. Hy het twee are uitgewys en was nie verder as vyf voet uit met enigeen van die twee nie.

Oom Christo Pienaar, ook 'n Burgemeester van Bellville, 'n plantkenner en ook toneelspeler van formaat. Sy dogter Riana was later 'n TV-ster. Sy vrou was 'n skryfster van boeke en artikels.
As ons by die kunste kom moet ek die name van Tossie Lochner, Bettie Kemp, Lochner de Kock, Dawie Maritz en Pio Meyer noem - uitblinkers in die kunste was hier baie.



Tannie Ina Bester (100 jaar oud op foto) vir haar blommerangskikings. Die kerk was nooit sonder blomme nie en dit was altyd sy wat die rangskikings gedoen het, maar daar was nie blomme gekoop nie. Al die blomme het uit die tuine van lidmate of nie-lidmate se tuine gekom.

Dit is ook so 40 jaar gelede wat Charlie Cooper hier aangekom het en saam met my as diaken gedien het. Tot vandag is ons nog saam op die kerkraad. Charlie en Dalene is raakvatters en speel 'n groot rol in die behoud van Bellville-Wes. Charlie is tans voorsitter van die Kerkraad.

Wie sal vir Oom Piet Theron, netjies uitgevat in sy pak en 'n hoedjie op die kop, kan vergeet? Hy het altyd regop, asof hy 'n laaistok ingesluk het gestap. 'n Waardige heer.

Sydie du Toit het ons by Finkom geleer hoe om ons sake op 'n bestuursstyl en nie 'n rekeningkundige wyse te hanteer. Hy was op die hoofbestuur van Eskom.

Die manne en vrouens wat saam met my pluimbal gespeel het - ons het gegroei van 'n KJA pluimbal-spannetjie na twee spanne in die WP Liga. Hendrik Schoeman, Willa Visser, Judy de Villiers, Flippie Saayman, Marlene en 'n paar ander het groot pret gehad. Ek is dankbaar dat daar steeds 'n pluimbalklub in ons saal is.

Praat van 'n klub - die dames, onder leiding van prof. Dirk de Villiers se vrou Julia, het 'n "Gim Trim Klub" vroeg in die sewentigerjare begin. Sy het klas geloop by die Hart Stigting by Tygerberg Hospitaal en het later vir Max Rothuysen, Juliana Basson, Marlene Roux en Dorea Ayears opgelei om voor te vat. Hulle was op 'n stadium 100+ lede. Hulle het ook deelgeneem aan die WP Gymnastrade asook die Nasionale Gymnastrade in Durban. Daar is 'n paar van hulle gekies om oorsee te gaan deelneem.

Marieta van Eyssen, wat die VLV hier gestig het en dit jare bestuur het, sal altyd onthou word.

Mike Bester was ook lank saam met my op die kerkraad. Ons het vir lank gewissel tussen leier en onder-leier diaken.

Rachel Baron, ons eerste Huishulp Kerkraadslid. Ons huishulp dienste het in die jare 80 ontstaan. Wie sal hulle koor wat vele Sondae vir ons gesing het kan vergeet? Sy is in 2020 deur die HERE van die gemeente, ons familie en ook die Van Wyk gesin weggeneem.

Fritz Brand het ook ‘n groot rol gespeel op die kerkraad en veral tot die geestelike groei in die jare vanaf 2005 bygedra.

Lydia Britz, ons huidige leier-ouderling, dra ook baie by tot ons geestelike behoud in die Gemeente waar sy die pastorale span lei.

Blackie Swart en sy vrou Ria, wat ook geestelike leiers in ons gemeente in die laaste klompie jare is. Blackie as voorsitter van die Intersessie Kommissie en Ria by ons Pastorale Bediening, kom ook al ‘n lang tyd saam met ons gemeente.

Ek het gesê dat ek my kop in ‘n byenes steek. Daar is nog baie mense wat ek wil noem maar die papier raak min.  Hoe kan ons die pannekoek dame Marie Honing, Andra Badenhorst, Sanet, Lynette en Riaan se name uitlaat?



# 75-Jaar Feesvieringe

Ons gemeente het besluit om hierdie groot mylpaal van die kerk op ‘n besonderse wyse te vier. Hiervoor het ons ‘n feeskomitee nodig gehad om al die reëlings te tref. Die span is bymekaar gebring en het vergader om die viering van hierdie hoogtepunt van ons gemeente te beplan. Onder leiding van Polla Roux het ons idees onder mekaar uitgeruil en die program vir ons fees het vinning vorm aangeneem.

**Feeskomitee-lede:**
Charlie Cooper; Ds. Willie Badenhorst; Sanet Gunter;
Oorlede Danie Jacobs; Maryka le Roux; Polla Roux;
Blackie Swart; John van Breda en Lynette van Wyk

Oorlede Danie Jacobs het ‘n groot droom gehad vir ons gemeente se 75-ste verjaardagnaweek en dit was ‘n musiekaand waartydens almal wat saam met hom wou, kon musiek maak. Van musiek uit die 50's en 60's tot die moderne musiek van die kinders wat saam met hom musiek gemaak het. ...Een heerlike kuieraand waar jy kan saamsing en dans of skree as jy so voel ...dit sou voorwaar ‘n hoogtepunt wees.

Alhoewel ons nie by ons oorspronklike feesprogram kon hou na Danie se afsterwe en die druk wat die Craft-Xpo restourant op ons vroue geplaas het nie, was die feesnaweek steeds ‘n groot sukses.

Ons het vroeg in die jaar afgeskop met ‘n weeklikse reis deur die geskiedenis van ons gemeente wat in ons Westerlig-bulletin uitgegee is.


Bellville-Wes word 75
NG KERK
KOM VIER DIT SAAM MET ONS!
OP DO 27 OKT OM 18.30 VIER ONS
DIE STIGTINGSVERGADERING VAN
DIE KERK EN NOOI ALLE OUD-
KERKRAADSLEDE OM TE DEEL IN N
GESELLIGHEID IN DIE KERKGEBOU
Kontak Polla Roux by 071 136 3738
of e-pos die kerkkantoor by
navrae@bellvillewes.ng.org.za
R.S.V.P. 20 Okt
Meer besonderhede sal deurgegee
word aan persone wat graag die
geleentheid wil bywoon


DIEN CHRISTUS BIDDEND SAAM
NG KERK
BELLVILLE-WES






| Program vir die Feesvieringe | |
|---|---|
| **Do. 27 Oktober 18:30 vir 19:00** | Viering van die gemeente se stigtingsvergadering. Ons nooi alle **oud- en huidige kerkraadslede** om saam met ons die geleentheid te kom vier.<br><br>Kom deel in 'n aand van nostalgie waar ons die stigting van ons gemeente gaan herdenk in die kerkgebou. **Ons moedig ook elkeen aan om aan te trek soos in die dae wat u op die kerkraad gedien het.** |
| **So. 30 Oktober 09:00** | Feesdiens – ons gaan tydens ons oggenddiens die 75ste bestaansjaar van ons gemeente met 'n spesiale program vier en nooi alle gemeentelede en besoekers om dit saam met ons te kom geniet. |
| **So. 30 Oktober 11:30 vir 12:00** | Gemeente-ete – alle gemeentelede word genooi om te deel in die afsluiting van ons feesnaweek deur gesellig saam te eet en fees te vier.<br><br>**Kostes:**<br>**Volwassenes: R100-00 p.p.**<br>**Laerskoolkinders: R65-00 p.p.**<br><br>Bespreek asb u kaartjies by die kerkkantoor voor/op 25 Okt. |

## Notule uit die viering van die stigtigingsvergadering:


# NG Kerk Bellville-Wes

8ste Laan 10, Boston, 7530
+27219482402 (☎)
navrae@bellvillewes.ng.org.za


## SPESIALE KERKRAADSVERGADERING - NOTULE
## 27 OKTOBER 2022 OM 19:00
## IN DIE KERK

**1. Skriflesing en gebed**

Ds. Willie Badenhorst lees Rom. 15: 13 en doen 'n gebed. Die fondasie van ons Gemeente is slegs geinspireer deur die genade van die Here. Ons is almal medewerkers in diens van God.

**2. Opening en Verwelkoming**

Oudl. CE Cooper heet almal teenwoordig baie welkom. In besonder vir dr. Johnny Gavera en sy vrou Martie, ds. Kobus Swarts, ds. Johan Botha en ds. Gert Olivier. Oud voorsitters, Fritz Brand,

Pieter Viljoen en oud kerkraadslid van 1976/77, Chris Kirsten.

**Presensielys:**

**Teenwoordig:**

**Kerkraadslede:** Ds. WT Badenhorst, oudle. CE Cooper, M Badenhorst, L Britz, T Britz,
S Gunter, M Honing, P Roux, B Swart, JA van Wyk (Riaan). Diakens N de Kock, C de Vaal,
J de Villiers, P Ferreira, M le Roux, H Loubser en P Townes
**Nie kerkraadslede:** Di. J Botha, G Olivier en K Swarts. Dr. J Gavera en eggenote M Gavera. mnre. F Brand, A Claassens, S de Villiers, C Kirsten, E Marais, J van Breda, P Viljoen en W Vos. me. H. Uys, me. H Toerien en me. M van Wyk.
**Verskonin**gs: Oudle. M Badenhorst en G Liebenberg en diak. S Nel
**Sonder Verskoning:** Oudle. D de Lange, W Swart en F Coetzee

**3. Geskiedenis van die stigting in 1947**

Oudl. Polla Roux gee ’n kort oorsig oor die eerste gemeentes in ons omgewing. Op 27 Okt. 1947 het sowat 100 lidmate bymekaargekom en besluit die gemeente moet gestig word. Daar was altyd sterk leiers wat op die kerkraad gedien het. In 1965 was daar drie eredienste elke Sondag . Sowat 964 lidmate was op ‘n Sondag in die eredienste. Daar was sowat 680 lidmate by ’n nagmaaldiens. Hy is ook dankbaar dat hy en sy gesin deel kon wees van die gemeente en dat hy die voorsitter van die 75 Jaar Feeskomitee kon wees. Sy vrou is ook een van die oudste lidmate in die gemeente.

**4. Herinneringe en boodskappe**

* **<u>Ingelei deur dr. Johnny Gavera, gemeente leraar (1980 – 2002)</u>**

Dr. Gavera was beroep vanaf de Rust gemeente. Die getal dertien het ’n merkwaardige rol in sy lewe gespeel. Hy en sy oorlede vrou is albei op die 13de gebore. Hy was dertien jaar in die bediening toe hy die beroep na Bellville-

Wes ontvang het. Hierdie beroep was die dertiende beroep in die nege jaar wat hy in die bediening was. Hy het ook agterna verneem dat daar dertien nominasies was vir die pos by Bellville-Wes. Hy noem dat hy soveel ondersteuning ontvang het in die gemeente met sy vrou, Annette se siekte en afsterwe. Die Here is getrou en het vir hom daarna weer 'n lewensmaat gegee, Martie.
Die Lidia Bybelstudiegroep was altyd deur sy vrou gelei. Na haar afsterwe het die susters gevra dat hy met die groep moet voortgaan. Na sy aftrede is hy weer gevra om voort te gaan om die groep te lei. Wonderlike dinge het ook hier gebeur. Dié groep vergader nou nog elke tweede Woensdag. Mans en vroue woon die Byblelstudie by.
Hy is dankbaar vir die opregte verhoudinge en vriendskappe wat oor die twee en twintig jaar opgebou is. Sy bede vir Bellville-Wes is: Matt. 5 - Julle is die lig van die wêreld. Laat julle lig so skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik word in Bellville-Wes.
**Ds. Johan Els** van Worcester het 'n video boodskap gestuur. Hy was vanaf 2001 tot 2014 leraar in Bellville-Wes gemeente. Hy het Bellville-Wes as 'n wonderlike plattelandse gemeente in die stad beleef. 'n Familie gedrewe gemeente wat almal lief is vir mekaar. Sy bede vir Bellville -Wes is dat die gemeente baie seën sal beleef.

* **Di Kobus Swarts, Johan Botha en Gert Olivier:**

**Ds. Kobus Swarts** het deur dominees betrokke geraak by Bellville-Wes. Sy eerste kontak met Bellville-Wes is toe hy hier gedoop is in 1956. Hy het weer betrokke geraak by Bellville-Wes in 1986 toe hy na Bellville-Vallei as leraar beroep is. Hy is as Ring Skriba gekies en het baie ondersteuning van di. Johnny Gavera en David Pepler ontvang. Wat hom altyd opgeval het, is dat Bellville-Wes se aanbieding van dinge altyd "grand" is. Heb. 12 – Ons

moet aanhou soos iemand wat ’n resies voltooi. Mag elkeen in Bellville-Wes hierdie wedloop geniet.

**<u>Ds. Johan Botha</u>** – ‘n Outjie wat in die gemeente groot geword het. Hy sien homself as ’n bevooregte gemeentekind. As jong seun het hy koerante afgelewer. Hy onthou die veertien dae wat die kerkraad vir die belydenisklas vrae gevra het. Hoe hulle kennis van die Bybel getoets is. Tye het verander. Die kerk se deure het oopgemaak. ’n Dominee het ’n naam gekry. Daar word Belydenisklaskampe gehou. Kinders het ’n plek in die gemeente gekry. Ons is dienskneg te in die wêreld. Sy gebed is dat die Here met Bellville-Wes sal wees.

**<u>Ds. Gert Olivier</u>** – Hy het deel geword van Bellville-Wes deur af te los in die gemeente. In die ongeveer vyf jaar wat hy by Bellville-Wes betrokke is, het hy soveel mense leer ken. Die gemeentelede is net so deel van alles wat in die gemeente gebeur. Ps 136 – Die geskiedenis van die volk van die Here. Hulle is deur die Rooisee, en daar staan “aan die liefde van die Here is daar geen einde nie.” Dan het daar weer iets gebeur en dan sê die woord weer “aan die liefde van die Here is daar geen einde nie.” So sê die Here vir ons ook. “Aan Sy liefde is daar geen einde nie.”

* Ander teenwoordiges – Geen

Oudl. CE Cooper bedank die persone vir die reëlings, verversings en opneem van die vergadering. Ook aan elkeen wat ’n bydrae gelewer het by die verrigting van die aand.

**5. Afsluiting**

Oudl. B. Swart sluit af met ’n gebed.

Die vergadering verdaag om 20:30

| | |
|---|---|
| ..................................... | .......................................... |
| Voorsitter ( CE Cooper) | Admin. Beampte (EP Schindehutte) |

............................

Datum












**Ons wil elke lid van ons feesbediening hartlik bedank vir hul bydra tot die sukses van hierdie vieringe.**

**Hieronder volg ‘n paar huldeblyke van persone wat nou saam met Danie gewerk het:**

**Ds Willie:**
As ek 'n lys moet maak van alles wat Danie gedoen en gemaak het, gaan ek beslis ‘n klomp goed vergeet, maar hier is ‘n poging:
Danie se nalatingskap kan opgedeel word in drie afdelings:
1. Opregte, selflose dissipelskap - Danie was lief vir die Here Jesus en het Sy liefde na die beste van sy vermoeë uitgeleef teenoor oud en jonk deur die bou van intieme verhoudings en selflose diensbaarheid.
2. Sy liefde vir musiek - Danie is eintlik ‘n drummer, so ook sy twee seuns en omdat hulle ook so lief vir dromspeel was, het Danie homself baskitaar leer speel, want eendersyds het hy nie meer kans gekry om self op sy dromme te speel nie, maar andersyds om saam met hulle te kan speel. Danie het homself ook leer basviool en keyboard speel ... Hy wou nog so graag die gemeente met die kerkorrel begelei om ‘n liedjie te speel. Danie het sy liefde vir musiek ook gedeel met die gemeente se kinders deur gratis lesse in dromspel, baskitaar, en kitaar aan te bied ... die enigste "betaling" was dat hulle in die kerk moet speel. So is daar tans drie volledige begeleidingsgroepe ("bands") wat afwisselend op Sondae speel.
3. Danie was prakties aangelê en wou altyd die gebouekompleks mooimaak en beter toerus. - Danie se handewerk staan soos "klein monumentjies" oral. Die afdak langs die kombuis, die Springbok worsrolletjie-waentjie, al die staalwerk in Kruiskoffie, die dromstel se vloer in die "musiekput", om nie te praat van alles wat hy reggemaak het nie, soos die pallesade heining wat besig was om om te val, ens, ens.

**Paul Ferreira:**
Hier net ‘n paar woorde van my oor Danie. Soos ‘n wafferse ridder het Danie eers as diaken en daarna as koster by ons begin. Sy rustige natuur het altyd gesorg dat dinge gebeur sonder moeite. Ons het wonderlik saam gewerk en hy was verseker ‘n staatmaker wat alles kon doen. Sy liefde vir musiek was aansteeklik en hy kon enige lied inkleur met sy vinnige bas vingers. Ek kon sien hoe hy saam met Eon ‘n orrel uitvoering doen en saam met Annette konserte hou. Sy sagte styl het dit maklik gemaak om my kinders se

liefde vir musiek te sien groei en ontwikkel onder sy leiding. Dit het vinnig ontwikkel tot ‘n bediening waar jong mense saam wou leer en loof. Ons gaan hom verseker mis.

**Carli Ferreira:**
Hy was ‘n baie “awesome dude” net wat altyd so “chill” en rustig was. Hy was ook ‘n baie “cool” meneer wat baie geduldig was. Hy kon so maklik en vining iets regruk. Dit gaan moeilik wees sonder hom, want hy was so ‘n wonderlike ou.

**Lana Schindehutte:**
Iemand kom by my kantoorvenster verbygestap en dan verskyn hy in die deur met sy motorfiets “helmet” in die een hand, sy drasak oor die skouer en groet vriendelik as hy instap - dit is Danie - wat in die afgelope vier maande vandat ek in die kerkkantoor werk ‘n geweldige ondersteunende persoon in my lewe was. ‘n Man wat altyd bereid was om te help as ek iets nie geweet het nie of as iets gedoen moes word. Hy het my ook baie vertel van hoe die gemeente funksioneer. Ek sal hom altyd onthou as die rustige man met ‘n groot liefde vir sy kitaar/musiek wat dinge in die stilligheid laat gebeur het. Ek gaan hom verseker baie mis. Wat ‘n formidabele man!

## Fees-ete borge:

Aurora Spar

OK Foods Oakdale

**Ons wil ook graag hiermee al ons borge bedank vir hul bydra tot die sukses van ons feesnaweek**

# Slot

Ek groet hier met die wete dat die Gemeente in goeie hande is. Oor al die jare heen was daar een opvallende kenmerk en dit is dat die HERE, elke keer wanneer verandering nodig was, die regte persoon vir daardie pos gestuur het. Of dit die Predikantsposte of Voorsitters van die Kommissies, Ouderlinge of Diakens was, daar was altyd kundige persone om die poste te vul. Die VADER het Bellville-Wes hier geplaas vir ‘n doel en HY sal sorg dat dit altyd goed sal gaan met ons. DANK DIE VADER.





Kosmark 2022



Boston ChoirFest






Riemvasmaak
uitreik 2019



Ons wil vir Angelo Melonas en Basil le Roux bedank vir die borgskap van ons feesblad.

Hul stap al vir meer as 60 jaar 'n pad saam met ons. Vanaf daardie eerste dag wat Bail Melonas sy winkel, Basil's, in 13de Laan geopen het, het nie slegs Bellville-Wes Gemeente nie, maar ook die meeste van sy lidmate hom ondersteun. Angelo en sy swaer, Jan le Roux, het later die winkel oorgeneem. Jan en sy twee seuns, Gideon en Basil, was ook lidmate van ons gemeente.

Baie dankie ook vir jul jarelange ondersteuning van ons gemeente.

PnP Willowbridge

**GRATIS AFLEWERINGSDIENS**

**Maak gebruik van ons Gratis Afleweringsdiens na die volgende areas: Boston, Hoheizen, Welgemoed, Protea Vallei, Welgedacht, Door de Kraal en Kenridge.**

**Hoe werk dit?**

**Stuur 'n epos met u bestelling na: (willowbridge@basils.co.za) voor 12h00 om nog dieselfde dag 'n aflewering te ontvang.**

**U kan ons ook skakel by 021 914 7244 en 'n telefoniese bestelling plaas.**

**Geniet alle Smart shopper voordele.**

**Betaling per kaart of EFT.**

**Onthou Elke Woensdag is Pensionaris Dag - 4% Afslag op u inkopies**

**Baie Dankie vir u Lojale Ondersteuning.**

**Willowbridge Bestuurspan**

NG KERK BELLVILLE-WES